Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

VIERING VAN DIE 20E BESTAANSJAAR VAN DIE GRONDWET

Feiteblad 18

HERSIENING 1, 1 JUNIE 2017

INLEIDING

- Vanjaar vier ons die 20e bestaansjaar van die Suid-Afrikaanse Grondwet.
- Die Grondwet is die hoogste wet van ons land. Geen ander wet of regeringsoptrede kan die bepalings van die Grondwet vervang nie.
- Suid-Afrika se Grondwet is een van die mees vooruitstrewende in die wêreld en geniet internasionaal hoë aansien.
- Ons Grondwet bepaal hoe al die regeringselemente georganiseer word en dit beval reëls oor watter bevoegdhede uitgeoefen word, wie dit uitoefen en oor wie dit uitgeoefen word in die regering van die land.

AGTERGROND

- Die Grondwet is op 10 Desember 1996 deur oudpresident Nelson Mandela by Sharpeville onderteken en dit het op 4 Februarie 1997 in werking getree.
- Die ondertekening van die Grondwet by Sharpeville was ’n eregebaar ter nagedagtenis aan die mense wat op 21 Maart 1960 tydens ’n vreedsame betoging teen die gehate paswette gesterf het. Die ondertekening van die Grondwet by Sharpeville is deur president Mandela beskryf as die gebeurtenis wat die hoofstuk van uitsluiting afgesluit het en ons vasberadenheid herbevestig het om ’n gemeenskap te bou waarop almal van ons trots kan wees.
- Die opstel van die Grondwet was die gevolg van uitgerekte oorlegpleging en onderhandeling tussen verskeie politieke partye en belangegroepe in Suid-Afrika. Dit is onderwerp aan noukeurige ondersoek deur die Konstitusionele Hof wat ingevolge die Tussentydse Grondwet van 1993 tot stand gekom het.

Posbus 648, Kaapstad
8000, Suid-Afrika

PO Box 648, Cape Town
8000, South Africa

PO Box 648, Ekapa
8000, Mzantsi Afrika

www.wcpp.gov.za
+27 21 487 1600

- Die ondertekende Grondwet het op 4 Februarie 1997 in werking getree en het sedertdien die wetlike, politieke, maatskaplike en ekonomiese landskap van ons land dramaties verander.
- ’n Grondwet is ’n stel grondbeginsels waarvolgens ’n staat regeer word. In Suid-Afrika is die Grondwet die hoogste wet van ons land en alle ander stukke wetgewing moet met die bepalings daarvan ooreenstem.
- Die Grondwet maak onder andere voorsiening vir die regsbegronding vir die bestaan van die Republiek, dit bepaal burgers se regte en verpligtinge en omskryf die struktuur van die regering.

HOOFSTUK 1 VAN DIE GRONDWET

- Hoofstuk 1 van die Grondwet bevat die grondliggende bepalings en bepaal dat die Republiek van Suid-Afrika een, soewereine, demokratiese staat is wat op die volgende waardes gegrond is:
  - menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede;
  - nierassigheid en nieseksisme;
  - die oppergesag van die Grondwet; en
  - die heerskappy van die reg.
- Algemene stemreg vir volwassenes, ’n nasionale gemeenskaplike kieserslys, gereelde verkiesings en ’n veelpartystelsel van demokratiese regering bestaan om verantwoordingspligtigheid, ’n responsiewe ingesteldheid en openheid te verseker.
- Verder bepaal hoofstuk 1 die oppergesag van die Grondwet, burgerskap, die nasionale lied, die nasionale vlag en die amptelike tale van die land.
- Grondwette en konstitusionalisme gaan hand aan hand met menseregte. Regte word dikwels in ’n spesiale gedeelte van ’n grondwet, bekend as ’n handves van regte, verskans.

HOOFSTUK 2 VAN DIE GRONDWET

- Die Handves van Regte (hoofstuk 2 van die Grondwet) is die hoeksteen van die demokrasie in Suid-Afrika. Dit verskans die regte van alles mense in ons land en bevestig die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid.
- Die Handves van Regte bind die Parlement, die uitvoerende en regsprekende gesag en alle staatsorgane. Die regte wat in die Handves van Regte vervat is, is onderworpe aan die beperkings wat daarin vervat is of waarna in artikel 36 van die Grondwet, of elders in die Handves van Regte, verwys word.
- In die aanhef word die grondwetlike oogmerke ten eerste uiteengesit. Daar word dit duidelik gemaak dat die Grondwetlike Vergadering die Grondwet aangeneem het ten einde:
  - die verdeeldheid van die verlede te heel;
  - ’n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
  - die grondslag vir ’n demokratiese en oop samelewing te lê;
  - toe te sien dat die regering van die land op die wil van die bevolking gegrondves is;
  - elke burger gelyk deur die reg beskerm word;
  - die lewensgehalte van alle burgers te verhoog;
  - die potensiaal van elke mens te ontsluit;
  - ’n verenigde en demokratiese Suid-Afrika te bou; en

- die land in staat te stel om sy regmatige plek as ’n soewereine staat in die gemeenskap van nasies in te neem.

HOOFSTUK 3 VAN DIE GRONDWET

- Hoofstuk 3 van die Grondwet bepaal die staatsorgane. Die regering in die Republiek bestaan uit die nasionale, provinsiale en plaaslike sfere van regering wat onderskeidend, onderling afhanklik en onderling verbonde is.
- Alle regeringsfere moet die beginsels in hierdie hoofstuk handhaaf en nakom en moet hul werksaamhede binne die perke wat deur die hoofstuk bepaal word, verrig.
- Die hoofstuk bepaal ook die beginsels van regering van samewerking en interregeringsbetrekkinge wat onder andere die bewaring van vrede, die nasionale eenheid en die onverdeelbaarheid van die Republiek, die versekering van die welsyn van die mense van die Republiek en die voorsiening van doeltreffende, deursigtige, verantwoordingspligtige en samehangende regering vir die Republiek as geheel insluit.

HOOFSTUK 4 VAN DIE GRONDWET

- Hoofstuk 4 omskryf die samestelling van die Parlement, die wetgewende gesag van die nasionale regering.
- Die Parlement bestaan uit die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies.
- Die Nasionale Vergadering word verkies om die mense te verteenwoordig en om regering deur die mense kragtens die Grondwet te verseker. Hy doen dit deur die President te kies, deur as ’n nasionale forum vir openbare oorweging van sake te dien, deur wetgewing aan te neem en deur die optrede van die uitvoerende gesag na te gaan en toesig daaroor uit te oefen.
- Die Nasionale Raad van Provinsies verteenwoordig die provinsies ten einde te verseker dat provinsiale belange in die nasionale regeringsfeer in ag geneem word. Hy doen dit hoofsaaklik deur aan die nasionale wetgewende proses deel te neem en as ’n nasionale forum te dien vir die openbare oorweging van sake wat die provinsies raak.

HOOFSTUK 5 VAN DIE GRONDWET

- Hoofstuk 5 beskryf die struktuur van die nasionale uitvoerende gesag en die bevoegdhede van die President.
- Die President is die staatshoof en hoof van die nasionale uitvoerende gesag en moet die Grondwet as die hoogste reg van die Republiek handhaaf, verdedig en eerbiedig en die eenheid van die nasie en alles wat die Republiek sal laat vooruitgaan, bevorder.
- Die President het die bevoegdhede wat deur die Grondwet en wetgewing verleen word, met inbegrip van daardie bevoegdhede wat nodig is om die funksies van staatshoof en hoof van die nasionale uitvoerende gesag te verrig.
- Die President is onder andere verantwoordelik vir die bekragtiging en ondertekening van wetsontwerpe, die terugverwysing van ’n wetsontwerp na die Nasionale Vergadering vir heroorweging van die grondwetlikheid van die wetsontwerp en vir die aanstelling van kommissies van ondersoek.

HOOFSTUK 6 VAN DIE GRONDWET

- Hoofstuk 6 stel die nege provinsies van Suid-Afrika vas en omskryf die bevoegdhede en struktuur van provinsiale regerings.
- Die Republiek het die volgende provinsies:
  - Oos-Kaap;
  - Vrystaat;
  - Gauteng;
  - KwaZulu-Natal;
  - Limpopo;
  - Mpumalanga;
  - Noord-Kaap;
  - Noordwes; en die
  - Wes-Kaap.

HOOFSTUK 7 VAN DIE GRONDWET

- Hoofstuk 7 omskryf die riglyne vir plaaslike regering en sy munisipaliteite.
- Die plaaslike regeringsfeer bestaan uit munisipaliteite, wat vir die hele grondgebied van die Republiek ingestel moet word.
- Die uitvoerende en wetgewende gesag van ’n munisipaliteit berus by sy munisipale raad.
- ’n Munisipaliteit het die reg om op eie inisiatief die plaaslike regeringsaangeleenthede van sy gemeenskap te bestuur, behoudens nasionale en provinsiale wetgewing, soos in die Grondwet bepaal.
- Die nasionale of ’n provinsiale regering mag nie ’n munisipaliteit se vermoë of reg om sy bevoegdhede uit te oefen of sy funksies te verrig, kompromitteer of belemmer nie.
- Die oogmerke van plaaslike regering is onder andere om demokratiese en verantwoordingspligtige regering vir plaaslike gemeenskappe te voorsien, om te verseker dat diens op volhoubare wyse aan gemeenskappe verskaf word, om maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te bevorder en om ’n veilige en gesonde omgewing te bevorder.

HOOFSTUK 8 VAN DIE GRONDWET

- Hoofstuk 8 van die Grondwet bepaal die howe en regspleging deur middel van die regstelsel en regsprekende gesag.
- Dit omskryf die hiërargie bestaande uit landdroshowe, die Hooggeregshof, die Hoogste Hof van Appèl en die Konstitusionele Hof.
- Dit bepaal die aanstelling van regters deur die President op advies van die Regterlike Dienskommissie en bring ’n enkele Nasionale Vervolgingsgesag tot stand wat vir alle strafregtelike vervolgings verantwoordelik is.

HOOFSTUK 9 VAN DIE GRONDWET

Hoofstuk 9 vestig die aandag op die staatsinstellings wat die grondwetlike demokrasie in die Republiek ondersteun. Hierdie staatsinstellings sluit in:

- Openbare Beskermer;

- Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie;
- Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe;
- Kommissie vir Geslagsgelykheid;
- Ouditeur-generaal; en
- Verkiesingskommissie.

HOOFSTUK 10 VAN DIE GRONDWET

- Hoofstuk 10 vestig die aandag op openbare administrasie wat beheers moet word deur die demokratiese waardes en beginsels wat in die Grondwet verskans is. Hierdie beginsels sluit in:
  - ’n Hoë standaard van beroepsetiek moet bevorder en gehandhaaf word.
  - Die doelmatige, ekonomiese en doeltreffende aanwending van hulpbronne moet bevorder word.
  - Openbare administrasie moet ontwikkelingsgerig wees.
  - Dienste moet onpartydig, regverdig, op billike grondslag en sonder vooroordeel gelewer word.
  - Aandag moet aan mense se behoeftes gegee word en die publiek moet aangemoedig word om aan beleidsvorming deel te neem.
  - Openbare administrasie moet verantwoordingspligtig wees.
  - Deursigtigheid moet bevorder word deur die publiek van tydige, toeganklike en korrekte inligting te voorsien.
  - Goeie praktyke van mensehulpbronbestuur en loopbaanontwikkeling moet ontwikkel word om mensepotensiaal tot die maksimum te ontsluit.
- Openbare administrasie moet in die breë verteenwoordigend wees van die Suid-Afrikaanse bevolking, met indiensnemings- en personeelbestuurspraktyke wat gebaseer is op vermoë, objektiwiteit, billikheid en die behoefte om die wanbalanse van die verlede reg te stel ten einde breë verteenwoordiging te bewerkstellig.

HOOFSTUK 11 VAN DIE GRONDWET

- Hoofstuk 11 bring strukture tot stand vir burgerlike beheer oor die weermag, die polisiediens en intelligensiedienste.
- Dit maak die President die opperbevelhebber van die weermag, maar voorwaardes word gestel vir wanneer en hoe dit uitgevoer mag word, en dit vereis gereelde verslagdoening aan die Parlement.
- Die polisiediens word onder die beheer van die nasionale regering geplaas, maar dit gee aan provinsiale regerings sommige bevoegdhede om polisiëring toe te pas en toesig daaroor te hou.

HOOFSTUK 12 VAN DIE GRONDWET

- Hoofstuk 12 gee erkenning aan die status en rol van tradisionele leierskap en gewoontereg, behoudens die Grondwet.
- Dit maak voorsiening vir die skepping van provinsiale huise van tradisionele leiers en ’n nasionale raad van tradisionele leiers.

- Nasionale wetgewing kan voorsiening maak vir ’n rol vir tradisionele leierskap as ’n instelling op plaaslike vlak betreffende aangeleenthede wat plaaslike gemeenskappe raak.
- Ten einde te handel met aangeleenthede in verband met tradisionele leierskap, die rol van tradisionele leiers, die gewoontereg en die gewoontes van gemeenskappe wat ’n stelsel van gewoontereg naleef, kan nasionale of provinsiale wetgewing voorsiening maak vir die instelling van huise van tradisionele leiers en nasionale wetgewing kan ’n raad van tradisionele leiers instel.

HOOFSTUK 13 VAN DIE GRONDWET

- Hoofstuk 13 is gemoeid met openbare finansies.
- Dit bring ’n Nasionale Inkomstefonds tot stand waaruit geld slegs onttrek kan word ingevolge ’n bewilliging deur ’n parlementswet, en ’n Provinsiale Inkomstefonds waaruit geld slegs onttrek kan word ingevolge ’n bewilliging deur ’n wet van die provinsiale wetgewer.
- Dit maak voorsiening vir ’n billike verdeling van nasionale inkomste aan die provinsies en munisipaliteite, en verleen aan provinsies en plaaslike regerings die bevoegdheid om sekere soorte belasting en eiendomsbelasting te hef.
- Dit vereis van alle regeringsvlakke doeltreffende en deursigtige begroting en gee aan die Nasionale Tesourie die bevoegdheid om toesig te hou oor begrotingsprosesse.
- Dit plaas sekere beperkings op die regering se verkryging en die aangaan van lenings. Die hoofstuk stel die Finansiële en Fiskale Kommissie (om die regering met raad te bedien oor finansiële sake) en die Reserwebank (om toesig oor die geldeenheid te hou) in.

HOOFSTUK 14 VAN DIE GRONDWET

- Die laaste hoofstuk is gemoeid met oorgangs- en bykomende bepalings. Die eerste deel van die hoofstuk is in die besonder gemoeid met internasionale reg en bepaal dat bestaande ooreenkomste wat Suid-Afrika bind, sal voortgaan om die land te bind, en dat nuwe ooreenkomste (behalwe ooreenkomste van ’n tegniese aard) slegs bindend sal wees nadat dit deur die Parlement goedgekeur is.
- Dit bepaal ook dat volkeregtelike gewoontereg regskrag in Suid-Afrika het tensy dit met nasionale wetgewing onbestaanbaar is, en dat howe, waar ook al moontlik, wetgewing moet uitlê om met die volkereg bestaanbaar te wees.